

BYBELKUNDELEERPLANNE BY SKOLE

B C Lategan

Wat hier volg, is die resultaat van samesprekings tussen die Universiteit Stellenbosch en Universiteit van Wes-Kaapland se Bybelkunde-departemente en die Department of Religious Studies van die Universiteit Kaapstad. Die opdrag aan hierdie departemente was om Bybelkunde-leerplanne op skool in oënskou te neem en om veral op twee vrae antwoorde te probeer vind, nl:

- a) Waarom bied so min skole Bybelkunde aan en waarom is die leerlingtal so klein?
- b) Wat hoort in die leerplan tuis?

Die gevolgtrekking waartoe gekom is, kan aan die hand van bg twee vrae soos volg saamgevat word:

1 LAE LEERLINGTAL EN BEPERKTE AANBOD

Vooraf moet opgemerk word dat bg probleem slegs vir sekere onderwyssektore geld - volgens gegewens wat by die 1980-Bybelkundekongres verstrekk is, ondervind swart onderwys 'n sterk en volgehoue groei in skole en leerlinge wat Bybelkunde aanbied.

'n Groot verskeidenheid van redes kan mede-verantwoordelik wees vir die afname in belangstelling in die vak op skoolvlak. Na ons oordeel is daar egter een oorheersende faktor, nl die negatiewe beeld wat die vak by die deursnee-leerkrag en -leerling het. Hierdie negatiewe beeld het veral twee oorsake: eerstens ervaar baie leerlinge Bybelkunde as 'n blote herhaling van wat hulle reeds tuis of in kerklike verband (Sondagskool, kategeese) geleer het, wat geen nuwe uitdagings aan hulle stel en geen nuwe perspektiewe of kennishorisonne open nie. Die artikel van H J S Stone in *Scriptura* 3 (1980), 51-59, wys pertinent op die probleem van duplikasie. Tweedens slaag die wyse waarop die vak aangebied word dikwels nie daarin om 'n direkte verband tussen Bybelse gegewens en die leerling se eie lewensituasie te lê nie. Die Bybel word

gesien as 'n bron van interessante historiese, argeologiese en morele algemeenhede sonder dat die relevansie daarvan vir die bestaanssituasie van die leerlinge op individuele en gemeenskapsvlak duidelik blyk. Dikwels bied die huidige benadering antwoorde op vrae wat nooit gevra word nie. Dat dit ook op skoolvlak heel anders aangebied kan word, blyk uit 'n voorbeeld uit Oos-Afrika. 'n Span deskundiges van kerk en skool uit vyf lande het 'n kursus probeer opstel waarin die klem nie soseer op feitlike "Bybelkennis", maar eerder op "opvoeding vir die lewe" val. Die resultaat het sy neerslag gevind in 'n stel van twee handboeke met die titel "Christian Living Today". Hierin word telkens 'n konkrete situasie in die lewe van die leerling as vertrekpunt geneem om van hieruit Bybelse perspektiewe te open op alle belangrike aspekte van 'n hedendaagse en snel-ontwikkelende samelewing in Afrika. Die leerstof word op so 'n boeiende en stimulerende wyse aangebied dat daar by die leerling geen twyfel kan bestaan oor die relevansie en praktiese toepasbaarheid van Bybelse beginsels ten opsigte van moderne vraagstukke nie.

Die belangrikheid van 'n lewensgerigte benadering het ook 'n ander grond. Die leerling en student kom op sosiale en maatskaplike terrein in aanraking met gevorderde samelewings=teorië. Iemand wat geleer is om slegs op 'n naïewe wyse met die Bybel om te gaan, staan bv weerloos teen 'n gesofistikeerde aanbieding van die Marxistiese of ander ideologieë. Die onvermoë om 'n verantwoorde Byelse alternatief te bied, lei dikwels tot 'n negatiewe oordeel oor die geloofsperspektief as sodanig. Dit is belangrik om te beseef dat dit hier nie slegs om 'n hipotetiese moontlikheid handel nie, maar om 'n realiteit waarin 'n toenemende aantal leerlinge op skool hulself reeds bevind.

Bybelkunde sal dus nie in isolasie aangebied kan word nie, maar binne die raamwerk van die werklikhede waarin die leerling hom bevind. Dit beteken 'n bereidheid tot kennisname van en kritiese gesprek met ander lewensbenaderinge in die konteks van Afrika. So 'n benadering sou alleen moontlik wees wanneer die Bybel nie gesien word as 'n boek van tydlose objektiewe waarhede nie, maar die dinamiese getuigenis van Gods voortgaande geskiedenis met die mens wat deur alle kulturele en historiese omwentelinge heen steeds die sleutel tot 'n sinvolle bestaan en lewensvervulling bied.

2 DIE INRIGTING VAN LEERPLANNE OP SKOOL

Vanweë die groot verskeidenheid van onderwysleerplanne, word in die vervolg enkele algemene riglyne gestel, sonder om op spesifieke leerplanne in detail in te gaan.

'n Belangrike doelwit by kurrikulumontwerp is om insig en vaardigheid by die leerling te ontwikkel, eerder as blote feitekennis. Dit beteken dat die aanleer van die regte metode en die ontwikkeling van vaardighede om self met Bybelse materiaal om te gaan, hoë prioriteit behoort te geniet. Vir die samestelling van die leerplan het dit belangrike implikasies.

Die eerste hiervan is dat nie gepoog sal word om die hele veld inhoudelik in die kurrikulum te dek nie, maar dat eerder van 'n oorsigtelike raamwerk as uitgangspunt gebruik gemaak sal word, waarbinne sekere temas gekies en meer intensief behandel word.

Die is belangrik dat die Ou en Nuwe Testament in hul onderlinge verband behandel sal word. Ou Testament-temas behoort na die Nuwe Testament deurgetrek en Nuwe Testament-temas teen hul Ou Testament-agtergrond behandel te word. So kan 'n studie van die OT-profete opgevolg word deur 'n behandeling van profesie in die Nuwe Testament; die apokaliptiese literatuur van Daniël met Openbaring vergelyk word; die eksodustema soos dit in die Nuwe Testament vertolk word (bv Hebreërs); die jubeljaar en sy NT-betekenis (Lk 4); die NT-konsep van die koninkryk van God teen die agtergrond van die OT-koningsgedagte; die wet in sowel OT- as NT-perspektief, ens. Dit beteken terselfdertyd dat 'n kultuur-historiese geheelbeeld (van die OT-, tussentestamentêre en NT-tydvakke) deel van die kursus moet vorm.

'n Eensydige nadruk op oorbekende narratiewe gedeeltes en Bybelverhale moet vermy word deur geselekteerde stof uit die profetiese en wysheidsliteratuur en uit die briewe.

'n Te eenvormige benadering ten opsigte van elke boek sover dit inleidingsvrae betref (naam, outeur, doel, agtergrond, ens), gee aanleiding tot die foutiewe opvatting dat die studie op 'n formalistiese en eenvormige wyse uitgevoer kan word. Die aandag wat bv aan historiese materiaal gegee behoort te word, hang direk saam met die belang daarvan vir die verstaan van 'n sekere gedeelte of boek. Die historiese

agtergrond van Romeine bv hoof slegs oorsigtelik behandel te word. Daarteenoor is kennis van die kultuurhistoriese situasie in Korinthe weer noodsaaklik vir die verstaan van Paulus se briewe aan hierdie gemeente. Waarvoor gepleit word, is 'n benadering waarin historiese, literêre en teologiese perspektiewe nie afsonderlik, maar as 'n geïntegreerde geheel behandel word.

Uit die voorafgaande blyk die belangrikheid dat leerlinge reeds op 'n vroeë stadium kennis sal maak met die metodiek van Bybelondersoek en ingelei sal word - sy dit op elementêre vlak - in die betekenis van historiese ondersoek en die belangrikste eksegetiese benaderinge. Die studie van literatuursoorte, verteltegnieke, inleidingsvrae, kultuurhistoriese agtergronde ens kan vir die leerling alleen dan 'n sinvolle geheel vorm as dit binne die raamwerk van 'n algemene metodologiese benadering geplaas word.

3 AANBEVELINGS

In die aanbieding van die vak sal tot 'n veel groter mate met die religieuse pluraliteit van die Suid-Afrikaanse samelewing rekening gehou moet word. Dit word ook deur die De Lange-verslag onderstreep wanneer "gelyke gehalte" onderwys en kulturele en religieuse diversiteit as twee van die belangrikste fokuspunkte uitgewys word. Die Christelike perspektief kan nie in isolasie beskou word nie - dit staan in voortdurende wisselwerking met ander religieuse tradisies. Daarby kan die Christelike geloof as sodanig 'n sterk saambindende faktor tussen mense en groepe wees, maar as dit te nou met die belange van 'n seksionele groep verweef raak, bestaan die moontlikheid dat dit 'n sterk polariserende effek kan hê. Die leerling sal van hierdie verskillende moontlikhede bewus gemaak moet word.

Die relevantheid van Bybelse perspektiewe vir die moderne samelewingsproblematiek behoort die onderliggende tema van die aanbieding te vorm. Die leerling moet in staat wees om die Bybel in sy verhouding tot ander godsdienste en wêreldbeskouings te begryp, om dit met etiese vrae, met die letterkunde, ekonomie, die wetenskap en tegnologie van die dag in verband te kan bring.

In aansluiting met die voorafgaande is dit noodsaaklik dat aan die Bybelse geskiedenisbegrip aandag gegee word. Die Bybel is die neerslag van 'n dinamiese gebeure, Gods be-

moeienis met die wêreld en die mens wat Hy geskape het. Hierdie geskiedenis is nog nie afgesluit nie, maar bly gerig op Gods toekoms met die mens. Die kerk is daarom nie 'n statiese grootheid nie, maar 'n gemeenskap onderweg. Hierdie perspektiewe is onontbeerlik in 'n situasie van snelle kulturele verandering. Dit verskaf aan die leerling beide die waardesisteem en die moed om so 'n kultuuroorgang suksesvol te hanteer.

Die algemene doelstelling met die leerplan en sy implementering moet dus wees om die leerling nie bloot met Bybelkennis toe te rus nie, maar om hom die insig en begrip te verskaf en 'n werkswyse aan te leer wat hom in staat stel om die uitdagings van die lewensituasie waarin hy hom bevind, suksesvol die hoof te bied en om opgewasse te wees vir die gesofistikeerde ideologiese stryd wat daarmee gepaard gaan.